NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

09 Oktober 2020: Nr 31/2020

Warm nuus

Besoek die **sinode se facebookblad** [**https://www.facebook.com/noordsin/**] vir deurlopende plasings van Gemeente-aktiwiteite en ander belangrike nuus.

Plaasmoord Paul Roux
Vrystaat Sinode reageer

Ons almal het kennis geneem van die ongelukkige gebeure op Senekal in die Vrystaat. Die Sinode van die Vrystaat het die onderstaande verklaring uitgereik. Die Algemene Sekretaris van die NG Kerk, Gustav Claassen, het versoek dat al die sinodes die skrywe in hulle nuusbriewe plaas.

"*Ons het met skok en afgryse kennis geneem van die koelbloedige moord op die 21-jarige plaasbestuurder van Paul Roux, Brendin Horner. Ons sukkel om ons emosie oor hierdie sinnelose daad in woorde om te sit, maar wil langs hierdie weg vir die familie en vriende van die jong Brendin, die gemeente en gemeenskap van Paul Roux en die landbougemeenskap van ons geliefde provinsie verseker van ons opregte meelewing. Ons huil as NG Kerk Vrystaat saam met julle.*" **(Kliek hier** om die volledige brief te lees**)**

Die moderatuur van die Noordelike Sinode vergader eersdaags om oor die afgelope tyd se gebeure in ons land te praat.

Brugbediening

Christoph Müller, leier van die *Taakspan Brugbediening* skryf die volgende: Brugbediening het ontwikkel uit die behoeftes wat daar by gemeentes onstaan het om in tye van transformasie 'n duidelike begrip te hê rakende hul roeping en die uitleef daarvan in 'n vinnig veranderende leefwêreld.

Die Covid-19 situasie het alles onder die vergrootglas kom plaas. Heelwat gemeentes staan tans voor die uitdaging om juis dit wat genoem is aan te spreek. Om in ons sinode hierdie behoefte effektief aan te spreek, moet ons:

1. Leraars uitnooi om as opgeleide brugleraars beskikbaar te raak om ons gemeentes behulpsaam te wees. Inligting rakende die kursus is beskikbaar by die Sentrum vir Kontekstuele bediening by UP.
2. Opgeleide brugleraars in elke ring beskikbaar hê.

* Ons wil leraars daarom versoek om dit ernstig te oorweeg om hierdie gereedskap ook deel te maak van julle vaardighede.
* Ons wil ringskommissies versoek om te bevestig watter leraars in julle ring die opleiding suksesvol deurloop het.

Sodanige persone moet asseblief hulle name aan die *Taakspan Brugbediening* deurgee.
Navrae: Christoph Müller / cm1882@gmail.com

Uit die kantoor van die Algemene Sinode: Eredienste tydens vlak 1

Nuusberig (1) - [Kliek hier vir die volledige dokument]
Hiermee wil ons hulp gee aan gemeentes vir die wyse waarop hulle deur 'n geloofsonderskeidende proses besluite kan neem ten opsigte van eredienste tydens Vlak 1 van die staat van inperking ('n vroeëre weergawe van hierdie dokument en proses was toegespits op Vlak 3).

Ons bied dit aan as 'n geloofsonderskeidende proses in vier fases (sien onderstaande grafiek) waarmee gemeentes tot spesifieke besluite kan kom. Gemeentes is almal uniek en kan by elkeen van die fases stilstaan met inagname van hulle eie identiteit en omstandighede. Ons maak ook deurlopend aanbevelings ten opsigte van bepaalde sake. Let daarop dat hierdie slegs voorstelle is (gebaseer op Staatskoerant, volume 663, 18 September 2020, No 43725) en dat veranderinge van die owerhede se amptelike regulasies ten opsigte van die verskillende vlakke van die staat van inperking 'n invloed op alle besluitneming sal hê.

Nuusberig opvolg (2) - Sedert die laaste skrywe oor implikasies van vlak 1 vir gemeentes, het daar weer 'n Staatskoerant verskyn**. [Kliek hier om af te laai]**
Dit gee spesifieke riglyne vir kerke en eredienste. Artikel 7 vereis byvoorbeeld veel meer as wat gemeentes gewoonlik aangeteken het – sien byvoorbeeld (d):

(3) A place of worship must keep a register which must be retained for a period of not less than one month after the gathering, with the following details of each person in attendance—
(a) full names;
(b) residential address;
(c) cell number, telephone number or e-mail address; and
(d) contact details of persons living in the same residence as the person attending the religious gathering.

Sinodenuus

❖ Weskoppies Kersprojek

Pieter de Wet skryf die volgende: Kersfees is spesiale omgeetyd in Weskoppies. Ons pasiënte kan steeds a.g.v. Covid-19 nie besoekers ontvang nie. Die bederf tydens die Kerstyd deur "Vriende van Weskoppies" is dus vanjaar ekstra spesiaal en iets om baie na uit te sien! Danksy die ondersteuning uit ons gemeentes, was dit nog altyd moontlik om met hierdie projek 'n wesenlike verskil te maak.
Met ons **"Borg-'n-Pasiënt"-projek** poog ons om aan ongeveer 600 pasiënte elkeen 'n heerlike Kersete met nagereg, asook 'n klein Kersgeskenkie op Kersdag te bied. "Vriende" begroot R60.00 per kop vir bogenoemde projek. Jy kan ook help!
Direkte inbetalings en internet oorbetalings: *Friends of Weskoppies; ABSA Tjekrekno. 3260 141 707; Takkode: Mall @ Reds 336-345; Verwysing: BP20+ u Naam".*
[***Foto**: Vriende van Weskoppies hard besig om pakkies te maak vir verlede jaar se projek*]

❖ Tekslees met 'n verskil

Datum: Dinsdag ***13 Oktober*** om 11:00
Skriflesing: ***1 Thess 1:1-10***
Zoom uitnodiging:
Join Zoom Meeting: https://zoom.us/j/92197671478?pwd=Sk0wc2ZyOHhxTVFmYkFWZmQ0R1A2UT09
Meeting ID: 921 9767 1478
Password: 453371

Slyp jou beitels

❖ Excelsus

Navrae: Rika van Rensburg [excelsus@up.ac.za; 012-420 6738]

Hospivision: Online training - To believe in sunshine: Short course in journeying with depression during the time of Covid-19 [Vir volledige inligting besoek: http://bit.ly/believe-in-sunshine]
Date: ***19 to 21 October 2020*** (Monday, Tuesday and Wednesday).
This course is for everyone who has ever struggled with depression, have family or a friend who is living with depression or who are in a helping profession where they work with clients living with depression. The experience of having depression will be explored and the impact of Covid 19 and the lockdown will be illustrated. Frameworks providing for new choices and strategies will be explored and practical suggestions for journeying with depression will be provided.
Registration/enquiries: Please contact **June Kriel** on 084 405 0447/friend@hospivision.org.za or register on the website at http://bit.ly/believe-in-sunshine

Werkswinkel: Gemeentediagnose - Opleiding van Begeleiers van 'n Bedieningsdiagnose in Gemeentes
Excelsus gaan in die volgende jaar 'n reeks werkswinkels op verskillende plekke aanbied waar predikante en ander gemeenteleiers opgelei word as begeleiers van 'n **Bedieningsdiagnose in gemeentes**.
Die werkswinkel berus op die werkboek "***Bediening in en van Missionale Gemeentes***" wat in 2016 deur Malan Nel en Kennon L Callahan gepubliseer is.

Datum: Donderdag ***12 November 2020*** (14:00 – 17:00) & Vrydag **13 November 2020** (08:30 – 15:00)
Plek: NG Kerk Suidoos-Pretoria, (Stellastraat)
Koste: R 390-00 wat die volgende insluit: ***Werkboek: *Bediening in en van Missionale Gemeentes*. *Gemeente-diagnose* (word by die werkswinkel beskikbaar gestel). ***Verversings en middagete.
Aanbieder: Malan Nel
Inskrywing geskied deur middel van Google Forms: https://forms.gle/64KsSHwgZhqwgU4NA
VBO-punte: 10

Brugbediening

Datums: Week 1 – ***09-12 November 2020***; Week 2 – ***22-25 Februarie 2021***
Doel – Verandering van predikant in gemeente laat so 'n gemeente in 'n tyd van onsekerheid. Die pad vorentoe is onseker totdat 'n nuwe permanente bediening weer in plek is. Hierdie kursus poog om brugpredikante op te lei vir die fasilitering tydens hierdie oorgang periode, en tot voordeel van die gemeente.
Kursusleier: Prof Malan Nel
Kursuskoste: R2500
Plek: Universiteit van Pretoria
Kursus punte: 70
Kontak: Hesmarie Bosman, 012-420 4952 of epos: Hesmarie.Bosman@up.ac.za

❖ VBO-Forum

[*Hierdie is 'n gesamentlike inisiatief van Excelsus, Communitas en al die sinodes.*]

1. VBO-Forum: Verskeie kursusse wat aanlyn aangebied is, is steeds toeganklik. **Navrae**: *Rika van Rensburg* by excelsus@up.ac.za of *Bridget Leibbrandt*, / bleibbrandt@sun.ac.za

* Indien jy op die Hugenote Kollege se platform *geregistreer* is, sou jy die kursusse **gratis** kon volg.
* Indien jy 'n *nuwe registrasie* is moet jy asseblief jou *naam en van, watter kursusse en epos-adres* aan hermien@noordsin.co.za deurstuur. Hierdie name sal 1x 'n week aan die Kollege gestuur word vir registrasie.

** Liturgie vir ongekarteerde tye – Cas Wepener*
** Pastorale sleutels vir Covid-19 grendeltyd – Jan-Albert van den Berg*
** Netwerke vir nou – Erwin Schwella*
** Teologie in die tyd van Covid-19 – Heerden van Niekerk*
** Nagedink oor God en lyding: Perspektiewe uit die OT – James Kirkpatrick*
** Covid-19 en die Ekonomie – Piet Naudé*
** Pandemies: 'n Historiese Perspektief – André Bartlett*
** Kerk en Covid-19 – Frederick Marais*
** Wanneer tuisbly nie veilig is nie (Gendergeweld) – André Bartlett*
** Gendergeweld en Covid-19 – Verskeie sprekers*
** In pas met die lewende God – Tom Smith e.a.*
** Depressie by jongmense – Johan Laten*
**Angry Much – James Kirkpatrick e.a.*

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Bevestigings / emeritaat

<<< Theo Oosthuizen, word op Sondag, ***11 Oktober*** bevestig as leraar by **Magaliesberg Gesinskerk** (Marikana).

<<< Bertus Badenhorst [**Blouberg**] emeriteer op *31 Oktober.* Sy afskeidspreek vind op ***25 Oktober*** plaas. Hy en Carin gaan hulle in die Strand vestig.

❖ Verjaarsdagwense

11/10 Corne Burger [Louis Trichardt, dscorne@stadopdieberg.co.za, 073 759 0451]
12/10 Herklaas Viljoen [Emeritus, hajviljoen@lantic.net, 082 889 0947]

15/10 Johan Dill [Emeritus, johan.dill@gmail.com, 083 961 4429]
16/10 Ernest Horn [Wonderboom, emhorn@telkomsa.net, 083 660 5644]
Kobie Grobler [Emeritus, alexandra@csolc.co.za, 083 788 4124]
17/10 Francois Joubert [Emeritus, flafjoubert@gmail.com, 084 468 4516]

12/10 Marlene Schutte [Krokodilrivier, tschutte@ngkrokodilrivier.co.za,012-252 5817]
Engela Cronjé [Riviera-Jakaranda, sicronje@mweb.co.za, 012-329 1452]
16/10 Carin Badenhorst [Blouberg, bertusbaden@gmail.com, 084 984 1742]
17/10 Karin Crous [Lynnwood, peetcrous@gmail.com, 012-348 4004]

Gemeentenuus

- **Verjaarsdae:** *Baie geluk!*
  Albertyn [**Gestig**: 14/10/1944]
  Chipinge [**Gestig:** 12/10/1895]

- **Mootvallei:**
  Familiemark

Datum: ***31 Oktober*** [08:30-13:30]
Waar: 804 Morganlaan Mayville, Pretoria
Toegang: Gratis
Kos en leefstyl items, handgemaakte goedere, juwele, geskenke, wit olifant tafels, ingelegde produkte, soetgebak, souse en nog meer.
Kinderpret – bring die hele gesin!
Navrae: Hannes Conradie (079 8833 809 / mootfamiliemark@gmail.com)

Muur van herinnering: h/v Louis Trichardt en Morgan strate, Mayville
Die Muur van Herinnering is gebou as 'n rusplek vir u geliefdes. Die kerkterrein is veilig met palisade-omheining, goeie beligting en streng toegangsbeheer. Tans is voorsiening gemaak vir 160 nissies in die muur waarvan daar al heelwat verkoop is. Prys per dubbelnis is R3 500.00 (afbetaalbaar).
* Belangstellendes kan die kerkkantoor kontak by 0123350611 of kerkkantoor@ngmootvallei.co.za.

Covid-19

- **Dokumente** - Kliek hier vir vorige dokumente;
- **Stories van Hoop** - Kliek hier vir vorige stories;
- **Wenke** - Kliek hier vir vorige wenke.

Ander nuus

- **Vakatures**
  Kerkbode: Kliek hier vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

- **Beeld-Kinderfonds**
  Spinning marathon - Sat ***14 November*** @ Irene Village Mall
  More info / Meer inligting: http://www.beeldkinderfonds.co.za/spinnathon-spinning-marathon/
  For entry forms, send an email to: / Kry inskrywingsvorms by: info@beeldkinderfonds.co.za
  or what's app to 061 479 4791

❖ Bybel-Media

Bybel-Media en CUM se topverkopers – Kliek hier vir die katalogus.

Navrae: Skakel 021 864 8210

• Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za

• Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za,

❖ Christelike Lektuurfonds

CLF Dankbaarheidsprojek: "Woord en brood" aan Blanco Family Worship Church and Community Centre in George - Blanco Family Worship Church was een van die eerste tien gemeentes vir wie CLF met R10 000 vir voedselhulp kon ondersteun. Petro Goeieman skryf aan CLF: "Met u hulp het ons kospakkies aan 21 gesinne voorsien, waarby ongeveer 85 mense gehelp was."
Dit is ook CLF se gebed dat almal wat deur hierdie projek gehelp word, die hand van die Here sal sien en ervaar. Aan Hom al die eer. Mag die Heilige Gees ons lei om Jakobus 2:14-17 te leef.

❖ Masedoniese oproep tot Paulusse met M- en PhD's

Nico Mostert [NG Vrystaat] deel die volgende: "Die donker wolk van COVID-19 het vir sommige van ons ook 'n silwer randjie meegebring, soos dat teologiese skole en netwerke in Afrika hierdie jaar begin saamwerk het soos nog nooit vantevore nie.
NetACT (https://netact.org.za/wordpress/) wat oorspronklik geskep is met die doel om teologiese skole (voort-spruitend uit sendingwerk vanuit die NG Kerk) beter op ons vasteland te laat saamwerk, het intussen uitgebrei tot meer as 50 teologiese skole van verskillende denominasies regoor Sub-Sahara Afrika.
Hierdie jaar is teologie-opleiding weens COVID-19 egter in 'n krisis gedompel – behalwe dat personeel noodgedwonge verminder moes word, kon studente vir langer as ses maande nie klasse bywoon nie – iets wat tov die meeste skole in Afrika beteken dat daar geen finansiële inkomste was nie. Hierdie nagraadse studente het nou alle moontlike hulp van predikante met nagraadse grade, verkieslik PhD-, DTh-, of DLitt-kwalifikasies (in teologie) nodig.
Ons doen 'n dringende beroep op M- of PhD-gegradueerdes om hul kennis *pro bono* met hierdie studente te deel deur met die onderrig van sekere modules as moontlike studieleier/medestudieleier vir hierdie nagraadse studente op te tree.
*Lees meer hieroor by https://bit.ly/346zXhO

Naskrif

Be soft.
Do not let the world make you hard.
Do not let pain make you hate.
Do not let bitterness steal your sweetness.
Take pride that even though the rest of the world may disagree,
you still believe it to be a beautiful place…

(Kurt Vonnegut)